KENNISGEWING 42 VAN 2017

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 18(1) EN ARTIKEL 18(15) VAN DIE RUSTENBURG PLAASLIKE MUNISIPALITEIT RUIMTELIKE BEPLANNING EN GRONDGEBRUIKBESTUUR VERORDENING, 2015 VIR 'N VERANDERING VAN DIE GRONDGEBRUIKSREGTE, BEKEND AS 'N HERSONERING TESAME MET ‘N KONSOLIDASIE. RUSTENBURG WYSIGINGSKEMA 1469

Ek, Dawid Jacobus Bos (ID Nr: 5712165113080), van die firma Maxim Planning Solutions (Edms) Bpk (2002/017393/07), synde die gemagtigde agent van die eienaar van die Resterende Gedeelte van Erf 246, die Resterende Gedeelte van Erf 247 en die Resterende Gedeelte van Erf 248 , Waterval Oos Uitbreiding 40, Registrasie Afdeling J.Q., Noordwes Provinsie, gee hiermee ingevolge Artikel 18(1)(d) van die Rustenburg Plaaslike Munisipaliteit Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur Verordening, 2015 kennis dat ek by die Rustenburg Plaaslike Munisipaliteit aansoek gedoen het vir die verandering van grondgebruiksregte ook bekend as hersonering, tesame met ‘n konsolidasie van hierdie bogenoemde erwe, ingevolge Artikel 18(15), met die volgende voorstelle: A) Die hersonering en konsolidasie van die eiendomme hierbo beskryf, geleë in die Waterval Oos Area, ongeveer 1.2km Oos van die Waterfall Winkelsentrum en 1,5km Wes van Samancor, vanaf “Residensieel 2” na “Besigheid 1” insluitende ‘n ligte nywerheid, soos omskryf in Bylae 1775 tot die Skema. B) Alle eiendomme geleë aanliggend tot die Resterende Gedeelte van Erf 246, die Resterende Gedeelte van Erf 247 en die Resterende Gedeelte van Erf 248, Waterval Oos Uitbreiding 40, Registrasie Afdeling J.Q., Noordwes Provinsie, kan moontlik deur die aansoek geraak word. C) Die hersonering en konsolidasie behels dat die bestaande ligte nywerheidsgebou behoue bly en dat daar addisionele geboue opgerig sal word vir die doeleindes van besigheid, soos omskryf in Bylae 1775 met ‘n maksimum hoogte beperking van twee (2) verdiepings, ‘n Vloer Oppervlakte Verhouding van 0.3 en ‘n maksimum dekking van 40%.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Munisipale Bestuurder, Kamer 319, Missionary Mpheni House, hoek van Nelson Mandela- en Beyers Naude Rylaan, Rustenburg vir 'n tydperk van 30 dae vanaf **28 Maart 2017**. Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 30 dae vanaf **28 Maart 2017** skriftelik by of tot die Munisipale Bestuurder by bovermelde adres of by Posbus 16, Rustenburg, 0300 ingedien of gerig word.

Adres van gemagtigde agent: **Maxim Planning Solutions (Edms) Bpk (2002/017393/07), @ Office Gebou, Brinkstraat 67, Rustenburg, Posbus 21114, Proteapark, 0305, Tel: (014) 592-9489. (2/1652/R/L)**

28-4